NHLRP | National Home Language Reading Programme

# Storiebundel

## AFRIKAANS
HUISTAAL

**GRAAD 1**

KWARTAAL 3



basic education
Department: Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA


NATIONAL EDUCATION COLLABORATION TRUST

ETDP SETA

2030 NDP

Read to Lead
A Reading Nation is a Leading Nation

SACE



# Storiebundel

GRAAD 1 | KWARTAAL 3

## AFRIKAANS

NHLRP | National Home Language Reading Programme


**Copyright © 2026 National Educational Collaboration Trust (NECT)**

This work is licensed under a **Creative Commons Attribution–NonCommercial–NoDerivatives 4.0 International License (CC BY-NC-ND 4.0)**.

Additional permissions beyond the scope of this license may be available. For further information, please contact the publisher at **materials@nect.org.za**.

**First edition, 2026**

NHLRP | National Home Language Reading Programme




# KWARTAAL 3




# KAART VAN SUID-AFRIKA





Ouma se klipsop
Limpopo
Kom ons speel Bhathi
My naam is Buhlebendalo
Mpumalanga
Gauteng
Noordwes
Vrystaat
KwaZulu-Natal
My ouma se storie
Lentedag
Oos-Kaap
Indiese Oseaan

# KWARTAAL 3 VERHALE






Dit is my baadjie! 1



Die perfekte langbroek 15



My ouma se storie 29



Ouma se klipsop 37



Kom ons speel Bhathi 51



Lentedag 63



My naam is Buhlebendalo 77



Nandi se nuwe T-hemp 91

VERHAAL 1

# DIT IS MY BAADJIE!

Tema: Ons klere





## Agtergrondinligting

- Hierdie teks is ’n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit vind plaas in die hede.
- Hierdie verhaal sal leerders help om te verstaan dat hulle groei en hulle klere ontgroei. Dikwels, wanneer een kind ’n kledingstuk ontgroei, word dit vir die jonger boetie of sussie gegee om te dra. Dit kan moeilik wees om van ’n kledingstuk waarvan jy hou, afskeid te neem en boonop jou boetie of sussie dit te sien dra!



## ’n Paar punte om met u leerders te deel

- In die winter dra ons spesiale klere om ons warm te hou, soos musse, truie, baadjies en kouse.
- Kinders groei altyd en soos hulle groter word ontgroei hulle hul klere.
- Klere wat te klein is kan styf en ongemaklik voel, wat dit moeilik maak om te beweeg as ons dit probeer aantrek.
- Jonger boeties en sussies dra soms tweedehandse klere wat hulle by die ouer boeties of sussies geërf het.



## Begripstrategie: Visualiseer

- Wat is dit: Om ’n geestelike prentjie te vorm van wat in die verhaal gebeur.
- Waarom ons dit gebruik: Om die verhaal meer werklik en interessant te laat voel.
- Hoe dit help: Dit help jou om te verstaan hoe die karakters en plekke lyk en maak die verhaal lewendiger.




## Om hierdie strategie te gebruik

| Bladsy en paragraaf | Lees | Sê |
|---|---|---|
| 4,1 | Martie klim uit die bed uit. Sy trek haar langbroek aan. Sy trek haar hemp en trui aan. Sy trek haar sokkies en skoene aan. Sy sit haar wollerige hoed op. | Ek kan my voorstel hoe Martie probeer om so vinnig as moontlik aan te trek omdat sy koud kry. |
| 10,3 | “Martie, wat maak jy in daardie ou klere?” vra haar ma. “Hulle pas nie meer vir jou nie!” | Ek kan my voorstel hoe snaaks Martie in daardie klein, stywe klere sou lyk! |

Martie word Sondagoggend bibberend wakker.

Sjoe! Dit is nou winter, dink sy. Ten minste kan ek my gunstelingbaadjie dra!

Martie glimlag toe sy aan haar pragtige baadjie dink. Dit is geel met pienk en rooi blomme. Dit het groot pers knope. Dit is warm en wollerig aan die binnekant.



Martie klim uit die bed uit.
Sy trek haar langbroek aan.





Sy trek haar hemp en
trui aan.

Sy trek haar sokkies en
skoene aan.



Sy sit haar wollerige
hoed op.

Toe gaan sy na die kas waar haar ma die wintersbaadjies bêre. Haar gunsteling baadjie is nie daar nie.

“Mamma!” roep Martie. “Waar is my baadjie?” Daar is geen antwoord nie.



Martie gaan buitentoe. Daar is ryp oral op die gras en dit kraak onder haar voete.

“Mamma!” roep Martie. “Waar is my baadjie?” Daar is geen antwoord nie.



Martie maak die kombuisdeur oop.

“Mamma,” fluister Martie. “Waar is my baadjie?” Daar is geen antwoord nie.



Miskien is Mamma by tannie Nita, dink Martie, maar voor sy by tannie Nita se huis aankom, sien sy haar klein sussie Susan buite rondhardloop. Susan het ’n pragtige geel baadjie met pienk en rooi blomme en groot pers knope aan.

Haai, dit is my baadjie, dink Martie. Martie kry baie koud. Sy wil nie buite in die koue met haar sussie baklei nie. Sy hardloop huis toe. Susan is ’n dief! Ek wonder wat sy nog van my gesteel het, dink Martie kwaad.



Sy gaan na Susan se slaapkamer en maak haar boonste laai oop. Martie kry haar ou groen en rooi gestreepte rok.

Haai, dink Martie. Dit is my rok. Sy haal dit uit die laai uit en trek dit aan. Dit voel nogal knap.





Martie maak die tweede laai oop. Sy kry haar pienk trui.

Haai, dink Martie. Dit is my trui. Sy haal dit uit die laai uit en trek dit aan. Dit is baie kort.

Sy maak die derde laai oop. Sy kry haar potblou broek.

Haai, dink Martie. Dit is my broek. Sy haal dit uit die laai uit en trek dit aan. Dit voel baie styf. Sy kan nie die knoop toekry nie.

Martie probeer om die onderste laai oop te maak, maar sy kan nie buk met al die stywe klere aan nie. Op daardie oomblik stap haar ma die kamer binne. Haar ma begin lag. "Martie, wat maak jy in daardie ou klere?" vra haar ma. "Hulle pas nie meer vir jou nie."



“Susan het al my klere gesteel!” sê Martie. “My gunstelingbaadjie ook!”

“O, Martie,” antwoord haar ma, “ek het dit vir haar gegee. Jy is besig om te groei.” Martie se ma maak die kas oop en haal ’n plastieksak uit. Sy gee dit vir Martie.



Martie maak die sak oop en haal 'n splinternuwe baadjie uit. Dit is groen met geel en pers sterre. Dit het groot rooi knope. Dit is warm en wollerig aan die binnekant. Dit is die mooiste baadjie wat Martie nog ooit gesien het! Sy trek dit aan. Dit pas haar perfek.



Die volgende oggend trek Martie aan vir kerk. Sy trek haar splinternuwe baadjie aan en stap buitentoe. Susan kyk na haar. “Ek wil daardie baadjie hê!” sê Susan. “Dit is die mooiste baadjie wat ek nog ooit gesien het.”

Martie sit haar arm om haar suster. “Moenie bekommerd wees nie, Susan. Eendag sal dit jou baadjie wees.”





Lees 1

**Hoe het Martie se ou baadjie gelyk?**
- Dit was geel met pienk en rooi blomme.
- Dit het groot pers knope gehad.

**Hoe het Martie se nuwe baadjie gelyk?**
- Dit was groen met geel en pers sterre.
- Dit het groot rooi knope gehad.

**Hoekom het Martie haar suster ’n dief genoem?**
- Omdat haar suster haar ou baadjie gedra het.
- Omdat sy nie besef het dat haar ma die baadjie vir Susan gegee het nie.
- Omdat sy gedink het dat Susan haar gunstelingbaadjie gesteel het.
- Omdat sy nie besef het dat die baadjie nou te klein is vir haar nie.
- Omdat sy nie geweet het dat haar ma vir haar ’n nuwe baadjie gekoop het nie.



Lees 2

**Wat het Martie in Susan se laaie gekry?**
Sy het haar groen en rooi gestreepte rok, haar pienk trui en haar potblou broek gekry.

**Wat het gebeur toe Martie se ma sien sy dra al haar ou klere?**
Sy het begin lag.

**Hoekom het Martie vir haar suster gesê dat die nuwe baadjie eendag aan haar gaan behoort?**
- Omdat sy besef het Susan kry al haar klere wat te klein is vir haar.
- Omdat sy besef het haar ma gee haar ou klere vir Susan.
- Omdat sy besef het sy groei en al haar klere gaan eendag te klein wees.
- Omdat sy weet eendag gaan selfs haar nuwe baadjie te klein wees.

VERHAAL 2

# DIE PERFEKTE LANGBROEK

Tema: Ons klere





## Agtergrondinligting

- Hierdie teks is ’n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit vind plaas in die hede.
- Hierdie verhaal sal leerders help om te verstaan dat hulle groei en hulle klere ontgroei – presies net soos in die storie van die vorige week, Die baadjie is myne. In beide stories ontgroei die hoofkarakter ’n kledingstuk waarvoor hulle baie lief was. Hulle vind altwee ’n nuwe kledingstuk waarvan hulle hou.



## ’n Paar punte om met u leerders te deel

- Kinders groei altyd en soos hulle groter word ontgroei hulle hul klere.
- Verskillende klere pas en voel verskillend aan jou lyf (styf, los, hard, sag). Klere word van verskillende tipes materiaal gemaak wat veroorsaak dat dit verskillend voel.
- Winkels het aantrekkamers waar jy die klere kan aanpas om seker te maak dat dit mooi pas en dat jy hou van hoe dit lyk en voel, voordat jy dit koop.
- Dit is normaal om van nuwe dinge te hou en dit te probeer, soos jy groei en ouer word.



## Begripstrategie: Maak verbindings

- Wat is dit: Om te dink aan hoe die verhaal verband hou met jou eie lewe, ander boeke, of die wêreld.
- Waarom ons dit gebruik: Om die verhaal beter te verstaan deur dit te verbind met dinge wat jy reeds weet.
- Hoe dit help: Dit maak die verhaal meer betekenisvol en makliker om te onthou.



## Om hierdie strategie te gebruik

| Bladsy en paragraaf | Lees | Sê |
|---|---|---|
| 17,1 | Tog was dit ’n feit dat haar langbroek haar net nie meer gepas het nie. Sy wikkel haarself nou al vir maande in haar langbroek in, en op ’n dag skiet die knoop af. | Ek kan ’n verbinding tussen ons twee verhale maak. Beide Ronel en Martie het die klere waarvoor hulle baie lief is ontgroei. |
| 18,1 | Ronel probeer dit wegsteek, maar haar ma sien dit en begin lag. “Dit is nou genoeg! Dit is tyd vir ’n nuwe langbroek!” kondig sy aan. | Ek kan ’n verbinding tussen ons twee verhale maak. Beide Ronel en Martie se ma’s lag wanneer hulle sien hoe hulle kinders in die klere wat te klein is probeer inpas. Hulle lag nie om die kinders se gevoelens seer te maak nie, maar omdat dit snaaks lyk as die kinders probeer om in die klere te pas wat te klein is. |

Ronel haat nuwe klere. Sy is mal oor die sagte, gemaklike gevoel van haar klere wat dag na dag gedra en gewas word. Tog was dit 'n feit dat haar langbroek haar net nie meer gepas het nie. Sy wikkel haarself nou al vir maande in haar langbroek in. Op 'n dag skiet die knoop af.




Ronel probeer dit wegsteek, maar haar ma sien dit en begin lag.

“Dit is nou genoeg! Dit is tyd vir ’n nuwe langbroek!” kondig Ma aan.



’n Paar dae later, toe Ronel en haar pa saam winkels toe gaan, is sy die hele pad dikmond.

Ek wil nie ’n nuwe langbroek hê nie, dink sy.



Ronel se pa help haar om langbroeke van verskillende style in haar grootte uit te soek. Sy neem alles na die aanpaskamer.

"Ek sal buite wag. Laat weet my wanneer jy 'n langbroek kry waarvan jy hou," sê hy.



Eers pas Ronel ’n swart langbroek aan.

Miskien is dit nie te sleg nie, dink sy terwyl sy dit van die hanger afhaal. Toe sy dit aantrek, voel dit ongemaklik. Dit voel grof en krapperig teen haar vel.

Ek wil nie ’n nuwe langbroek hê nie, dink sy.



Daarna pas Ronel ’n stylvolle donkerblou jean aan.

Miskien sal ek goed lyk hierin, dink sy terwyl sy dit van die hanger afhaal. Toe sy dit aantrek, voel die materiaal hard. Dit voel asof sy skaars kan beweeg. As sy probeer buk, druk die band haar middel.

Ek wil nie ’n nuwe langbroek hê nie, dink sy.



Toe pas Ronel ’n helderrooi langbroek aan.


Miskien sal dit gemaklik wees, dink sy terwyl sy dit van die hanger afhaal. Toe sy dit aantrek, voel dit wyd en los. Die broek voel swaar en sy is bekommerd dat dit sal afval as sy daarmee hardloop en speel.

Ek wil nie ’n nuwe langbroek hê nie, dink sy.



“Hoe gaan dit daar binne?” roep Ronel se pa van buite die aanpaskamer af.

“Ek kry nie ’n langbroek waarvan ek hou nie,” sê sy en trek haar ou, perfekte langbroek weer aan.



Toe Ronel by haar pa kom, staan hy langs ’n rak met sagte rompe met blompatrone. Ronel se oë helder op. “Wat hiervan?” vra sy. “Kan ek van hierdie rompe aanpas?”

“Hou jy meer daarvan as van die langbroeke?” vra hy. Ronel knik.



Toe Ronel die romp aanpas, weet sy dit is reg. Die materiaal is sag. Dit voel syerig teen haar vel. Die romp voel nie styf nie. Toe sy gaan sit, rek dit perfek op al die regte plekke. Dit voel so gemaklik soos haar ou, perfekte langbroek.

Ronel het dalk nie die perfekte langbroek gekry nie, maar sy het definitief die perfekte romp gekry!





Lees 1

**Watter tipe langbroeke het Ronel aangepas?**
Sy het 'n swart langbroek, donkerblou jeans en 'n helderrooi langbroek aangepas.

**Wat het Ronel in die winkel gekry?**
Sy het die perfekte nuwe romp gekry.

**Hoekom het Ronel nie 'n nuwe langbroek gekry nie?**

- Omdat sy eerder 'n romp wou hê.
- Omdat nie een van die langbroeke gemaklik gevoel het nie, maar die romp het gemaklik gevoel.
- Omdat die swart langbroek wat sy aangepas het grof en krapperig teen haar vel gevoel het.
- Omdat die blou jeans wat sy aangepas het styf gevoel het.
- Omdat die rooi langbroek wat sy aangepas het swaar, los en wyd gevoel het.
- Omdat die romp reg gevoel het toe sy dit aangepas het.



Lees 2

**Hoe, dink jy, het Ronel gevoel toe die knoop van haar langbroek afgeskiet het?**
Ek dink sy het hartseer/ontsteld/gefrustreerd gevoel.

**Hoe, dink jy, het Ronel gevoel toe sy uiteindelik 'n romp gekry het waarvan sy gehou het?**
Ek dink sy het gelukkig/verlig gevoel.

**Hoekom het Ronel gefrustreerd gevoel?**

- Omdat die knoop van die langbroek waaroor sy so mal was afgeskiet het.
- Omdat sy nie wou winkel toe gaan om 'n nuwe langbroek te gaan koop nie.
- Omdat sy haar ou, gemaklike langbroek gemis het.
- Omdat sy nie 'n nuwe langbroek wou hê nie – sy het gewens sy kon haar ou, gemaklike langbroek dra.
- Omdat nie een van die langbroeke wat sy aangepas het soos haar ou langbroek gevoel het nie.
- Omdat nie een van die langbroeke wat sy aangepas het, gemaklik gevoel het nie.
- Omdat die swart langbroek wat sy aangepas het, grof en krapperig teen haar vel gevoel het.
- Omdat die blou jeans wat sy aangepas het, styf gevoel het.
- Omdat die rooi langbroek wat sy aangepas het, swaar, los en wyd gevoel het.



VERHAAL 3

# MY OUMA SE STORIE



## Tema: Ons oumas



### Agtergrondinligting

- Hierdie teks is 'n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit vind plaas in die hede.
- Hierdie verhaal sal leerders help om te sien hoe oupas en oumas leerders meer kan leer oor hulle kultuur, voorouers en tradisies. Hulle sal verstaan dat dit belangrik is om die kennis en waardes wat deur geslagte oorgedra is, te onthou en te respekteer.



### 'n Paar punte om met u leerders te deel

- Families dra vaardighede en tradisies oor van een geslag na die volgende. Soms leer oumas en oupas dinge vir kinders wat hulle by hulle eie ouers of grootouers geleer het. Dit help om tradisies lewendig te hou.
- Mense kan materiaal uit die natuur gebruik om nuttige dinge te maak. Klei is 'n sagte tipe grond wat gevorm kan word om potte en ander voorwerpe te maak.
- Pottebakkery is 'n vaardigheid wat oefening verg om aan te leer. Mense moet gewoonlik baie oefen voordat hulle goed word daarmee.
- Wanneer die klei nat is, is dit sag en maklik om te vorm. Wanneer dit droog word, word dit hard en behou sy vorm. As nat klei nat reën word dit weer sag en verloor sy vorm.



### Begripstrategie: Monitor begrip

- Wat is dit: Om jou eie begrip te kontroleer terwyl jy lees en te stop as iets nie duidelik is nie.
- Waarom ons dit gebruik: Om te besef as jy iets nie verstaan nie en dit reg te stel.
- Hoe dit help: Dit hou jou betrokke en bevorder begrip deur misverstande dadelik aan te spreek.



## Om hierdie strategie te gebruik

| Bladsy en paragraaf | Lees | Sê |
| --- | --- | --- |
| 31,1 | Lungi het nog nooit enigiets so mooi soos haar ouma se potte gesien nie. Haar ouma het grond gebruik om klei te maak. Dit was vir Lungi soos towerkuns.<br><br>“Ek wil potte maak net soos Ouma!” het Lungi vir haar ouma gesê. | Kom ek stop en dink … Kom ek kyk of ek verstaan: Wat dink Lungi van haar ouma se potte? O, ek verstaan. Sy dink dat dit so mooi is dat sy ook graag potte wil maak. |
| 34,1 | Ouma het Lungi gewys hoe om klei van die grond te maak. Sy het Lungi gewys hoe om die pot versigtig te vorm deur dit om en om te draai. Sy het Lungi gewys hoe om ’n ontwerp op die pot uit te krap om die pot mooi te laat lyk! Sy het Lungi gewys hoe om die pot in die son te sit sodat dit kan droog word. | Kom ek stop en dink … Kom ek kyk of ek verstaan: Watter stappe neem Lungi om ’n pot te maak? Eerstens moes sy goed soos klippies uit die grond haal en daarna die grond met genoeg water meng om klei te maak. Daarna kon sy die pot vorm en die patroon op die pot uitkrap. Laastens kon sy die pot in die son sit om droog te word. |

Lungi het nog nooit enigiets so mooi soos haar ouma se potte gesien nie. Haar ouma het grond gebruik om klei te maak. Dit was vir Lungi soos towerkuns.

“Ek wil potte maak, net soos Ouma!” het Lungi vir haar ouma gesê. Ouma het geglimlag.

“Dit is ’n goeie idee!” het sy gesê. “Ek het geleer potte maak toe ek jou ouderdom was.”



“Toe ek agt jaar oud was, net soos jy, het ek my ma dopgehou toe sy kleipotte gemaak het. Sy het grond gebruik om klei te maak. Sy het die potte met haar hande gevorm en dan in die son gesit om droog te word. Die eerste keer wat ek my eie pot gemaak het, het sy my gewys hoe om die pot versigtig te vorm en dit om en om te draai. Sy het my gewys hoe om ’n ontwerp op die pot uit te krap om die pot mooi te laat lyk. Toe het sy my gewys hoe om dit in die son te sit om droog te word.”

“Daardie aand terwyl ek geslaap het, het dit begin reën. Toe ek wakker word, kon ek nie my pot vind nie. Al wat ek kon vind, was ’n rooi streep grond wat deur die tuin loop. My eerste pot was geruïneer!” het Ouma gelag.



Lungi het by haar ouma gesit en probeer om haar ouma as ’n klein dogtertjie voor te stel.

“Hoekom het Ouma nie my ma geleer nie?” het Lungi gevra.

“O, Lungi, ek het probeer.” het Ouma geantwoord.

Ouma het gelag. “Jou ma het nooit daarvan gehou om potte te maak nie. Jou ma het van dans gehou – sy het eerder daardie tradisie vir ons die toekoms ingeneem.”



Ouma het Lungi gewys hoe om klei van die grond te maak. Sy het Lungi gewys hoe om die pot versigtig te vorm deur dit om en om te draai. Sy het Lungi gewys hoe om 'n ontwerp op die pot uit te krap om die pot mooi te laat lyk. Sy het Lungi gewys hoe om die pot in die son te sit sodat dit kan droog word.

"Jy gaan baie oefening nodig hê!" het Ouma verduidelik. Lungi en Ouma het heeldag saam potte gemaak.




Toe al Lungi se potte droog was en geblink het, het Lungi 'n pot uitgekies waarop sy die trotsste was.

"Kan ek hierdie een in die huis hou?" het Lungi haar ouma gevra.

"Hoekom wil jy dit binne hou?" het Ouma gevra.

Lungi het na die lug gekyk. Daar was wolke in die verte. "Ek wil nie hê dit moet smelt in die reën soos Ouma se eerste pot nie." het Lungi verduidelik.





Lees 1

**Wat is die mooiste ding wat Lungi al ooit gesien het?**
Haar ouma se potte.

**Hoe oud was Ouma toe sy geleer het hoe om potte te maak?**
Ouma was agt jaar oud, net soos Lungi.

**Hoekom wil Lungi hê Ouma moet haar leer hoe om potte te maak?**
- Omdat sy dink haar ouma se potte is pragtig.
- Omdat sy haar ouma bewonder – sy wil meer soos sy wees!
- Omdat Lungi se ma nie weet hoe om potte te maak nie – sy moet by haar ouma leer hoe om potte te maak.
- Omdat dit nie maklik is om potte te maak nie – iemand moet jou wys wat om te doen!



Lees 2

**By wie het Ouma geleer om potte te maak?**
Sy het by haar ma geleer hoe om potte te maak.

**Hoekom het Lungi nie by haar ma geleer hoe om potte te maak nie?**
Omdat haar ma nooit geleer het hoe om potte te maak nie.

**Hoekom wou Lungi haar gunsteling nuwe pot binnetoe neem?**
- Omdat Ouma se eerste pot deur die reën geruïneer is.
- Omdat hierdie die eerste pot is wat Lungi gemaak het, daarom is dit spesiaal.
- Miskien wou Lungi vir haar ma wys dat sy uiteindelik 'n pot op haar eie kan maak.
- Omdat Lungi wolke sien. Sy onthou dat haar ouma se eerste pot deur die reën geruïneer is. Sy wil nie hê dit moet ook met haar eerste pot gebeur nie.

VERHAAL 4

# OUMA SE KLIPSOP

Tema: Ons oumas





### Agtergrondinligting

- Hierdie teks is 'n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit vind plaas in die hede.
- Hierdie verhaal sal leerders help om te verstaan dat mense slim idees en spanwerk kan gebruik om mekaar in moeilike tye te help.



### Begripstrategie: Maak evaluasies

- Wat is dit: Om te besluit of jy van die verhaal of die besluite wat die karakters gemaak het hou.
- Waarom ons dit gebruik: Om jou eie menings te vorm en die verhaal op 'n dieper vlak te verstaan.
- Hoe dit help: Dit help jou om oor die verhaal se boodskap en wat jy daaroor glo, te dink.



### 'n Paar punte om met u leerders te deel

- Oumas, oupas en ander ouer mense gebruik dikwels hulle wysheid, stories en lewenservaring om hulle families en gemeenskappe te lei en te help.
- Reën is baie belangrik om gewasse te help groei en om diere kos te gee. Wanneer daar 'n droogte is ('n lang tydperk met min of geen reën), het die mense en diere nie altyd genoeg kos om te eet nie.
- Sop word gemaak deur verskillende bestanddele in 'n pot saam te kook. Party mense kook sop oor 'n vuur. Daar is nie gewoonlik klippe in sop nie.
- Mense in 'n gemeenskap kan mekaar help deur dit wat hulle het met mekaar te deel. Wanneer elkeen 'n klein bietjie bydra kan dit iets groots maak wat almal kan help.



## Om hierdie strategie te gebruik

| Bladsy en paragraaf | Lees | Sê |
| --- | --- | --- |
| 40,1 | Ouma moes vinnig aan ’n plan dink! Sy sit in haar wiegstoel. Sy wieg vorentoe en agtertoe terwyl sy aan ’n plan dink. “Aha!” roep Ouma uit, “ek het ’n plan! Tina, dit is tyd om my bekende klipsop te maak!” | Ek maak die evaluasie dat Tina se ouma baie slim is. Ek dink sy kan altyd, selfs wanneer dinge moeilik gaan, ’n plan beraam. |
| 43,1 | “Ouma maak haar heerlike klipsop!” sê sy vir die dorpenaars. | Ek maak die evaluasie dat Tina, net soos haar ouma, baie slim is. Sy beraam ’n plan om al die dorpenaars nuuskierig te maak oor Ouma se spesiale sop. |

Tina en haar ouma was baie honger. Hulle het swaargekry. Dit het nie gereën nie. Die mielies het nie gegroei nie en die beeste was maer. Niemand in die dorp het ekstra kos gehad nie. Ouma was bekommerd. Wat kon sy doen? Tina se maer beentjies het elke dag nog dunner geword, en sy het nie meer na skool rondgehardloop en gespeel nie.



Ouma moes vinnig aan ’n plan dink! Sy sit in haar wiegstoel. Sy wieg vorentoe en agtertoe terwyl sy aan ’n plan dink.

“Aha!” roep Ouma uit. “Ek het ’n plan! Tina, dit is tyd om my bekende klipsop te maak.”



Tina maak ’n vuur. Ouma sit ’n groot pot vol water op die vuur. Tina tel gladde klippies van die droë grond af op.

“Hierdie klippies gaan heerlike sop maak!” lag Tina en Ouma gelukkig. Ouma voeg die klippies by die water.



“Hardloop na die dorp en vertel vir almal van my heerlike klipsop, Tina,” sê Ouma. Tina hardloop dorp toe.



“Ouma maak haar heerlike klipsop!” sê sy vir die dorpenaars.



“Klipsop?” sê haar juffrou. “Ek ken dit nie.”



“Ouma is bekend vir haar heerlike klipsop,” sê Tina.

“O ja! Ek is lief vir daardie sop,” sê Ouma se vriendin. “Ek wil definitief ’n bakkie vol sop hê.”

“Kan ek dit proe?” vra die boer.

“Dit klink heerlik,” sê die beeswagter.



“Dit is,” sê Tina.

Tina dink vir ’n oomblik. “Daar is nie genoeg om uit te deel nie,” sê sy hartseer. Almal lyk hartseer. Hulle is ook honger.

“Ek het ’n plan!” sê Tina, “Ek is seker Ouma sal haar sop uitdeel, maar julle moet elkeen ’n lekker bestanddeel bring om by te voeg. Dan sal daar genoeg vir almal wees.”

“Ek kan aartappels bring,” sê haar juffrou.

“Wortels sal die sop ’n lekker smaak gee,” sê die boer.

“Ek het soet uie wat ons kan byvoeg,” sê die beeswagter.

“Ek sal my laaste hoender slag vir die pot,” sê Ouma se vriendin.

Al die dorpenaars gaan vinnig huis toe om te kyk wat hulle kan kry om by Ouma se spesiale klipsop te voeg.



Die stoom trek by die pot uit. Ouma roer die water en voeg sout en kruie by. Wat 'n heerlike reuk! Een vir een bring die dorpenaars hul groente om by Ouma se sop te voeg. Soos elke dorpenaar iets bring om by te voeg, ruik die sop al hoe lekkerder.



Die sop is uiteindelik klaar. Elkeen bring 'n bakkie en sit op die grond rondom die vuur om die heerlike klipsop met mekaar te deel. Daar was selfs genoeg vir Tina se hond.



Na die fees vertel Ouma ’n storie. Tina sing ’n liedjie en almal vier fees. Die dorpenaars het lanklaas so saamgesit en geëet en gesels.

“Wat ’n heerlike dag het ons nie gehad nie,” sê die boer.

“Dankie vir die klipsop,” sê die beeswagter.

“Jy het ons gewys dat, deur te deel, ons almal ryker word,” sê die juffrou.



Tina en Ouma deel ’n geheime glimlag.





## Lees 1

**Watter bestanddeel het die juffrou gebring?**
Sy het aartappels gebring.

**Wat het die boer by die sop gevoeg?**
Hy het wortels gebring om by te voeg.

**Wie het uie gebring om by die klipsop te voeg?**
Die beeswagter het uie gebring.

**Hoekom het die sop so lekker gesmaak?**
- Omdat elkeen van die dorpenaars ’n ander bestanddeel gebring het.
- Omdat al die bestanddele saam heerlik gesmaak het.



## Lees 2

**Hoekom was Ouma bekommerd?**
Omdat sy nie genoeg kos gehad het vir haar kleindogter nie.

**Waar was Ouma toe sy besluit het om haar klipsop te maak?**
Sy het in haar wiegstoel gesit.

**Hoe voel die dorpenaars na die fees?**
Hulle voel gelukkig en versadig.

**Hoe weet ons dat Ouma en Tina slim is?**
Ons weet dat hulle slim is, omdat …



VERHAAL 5

# KOM ONS SPEEL BHATHI

Tema: Ons speel buite



## Agtergrondinligting

- Hierdie teks is ’n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit vind plaas in die hede.
- Hierdie verhaal sal leerders help om te verstaan dat mense van verskillende plekke verskillende name vir dieselfde speletjie kan hê. Dit sal hulle ook help verstaan dat saamspeel ons kan help om te ontdek wat ons in gemeen het.

## Begripstrategie: Maak afleidings

- Wat is dit: Om dinge te raai wat die skrywer nie direk verduidelik nie, deur leidrade in die verhaal te gebruik.
- Waarom ons dit gebruik: Om dieper betekenisse en verborge boodskappe te verstaan.
- Hoe dit help: Dit help jou om gevolgtrekkings te maak terwyl jy lees, en om die storie en karakters beter te verstaan.

## ’n Paar punte om met u leerders te deel

- Families besoek mekaar gereeld tydens vakansies. Baie kinders kuier gedurende vakansies by ander familielede soos oumas, oupas, ooms, tannies, niggies of nefies. Hulle kan nuwe vriende maak terwyl hulle by familie kuier.
- Dieselfde speletjie kan op verskillende plekke verskillende name hê. Sommige mense in verskillende dorpe, gemeenskappe of lande speel dieselfde speletjies, maar noem dit ’n ander naam.
- Mense kan mekaar baie maklik misverstaan. Soms kan hulle dink dat hulle nie met mekaar saamstem nie omdat hulle verskillende woorde gebruik. Wanneer hulle egter vrae vra en verduidelik wat hulle bedoel, kan hulle agterkom dat hulle eintlik oor dieselfde ding praat.
- Speletjies en sport kan ’n baie goeie manier wees om nuwe verbindings en vriende te maak.



## Om hierdie strategie te gebruik

| Bladsy en paragraaf | Lees | Sê |
|---|---|---|
| 53,1 | Nico het by sy tannie in Soweto gekuier vir Kersfees. Anke het by haar ouma gekuier. Liam het by sy nefies gekuier. Die drie van hulle het sommer gou maats geword. | Ek kan aflei dat die kinders in die verhaal almal op verskillende plekke woon. Hulle het net vir die vakansie almal na dieselfde plek toe gekom. |
| 57,4 | "Die speletjie is net soos Blikkies! Dit moet dieselfde speletjie wees!" lag Anke.<br><br>"Dit is ook net soos Chicago!" sê Liam. "Is dit ook so dat, as niemand van die span die toring kan omgooi nie, die span wat veldwerk doen dan 'n beurt kry om te speel?"<br><br>"Ja!" sê Nico. "Dit is net soos Bhathi!" | Ek kan aflei dat die kinders verwag dat dit verskillende speletjies moet wees, aangesien dit verskillende name het. Ek dink hulle is verbaas wanneer hulle besef dat hulle almal oor dieselfde speletjie praat. |

Nico het by sy tannie in Soweto gekuier vir Kersfees. Anke het by haar ouma gekuier. Liam het by sy nefies gekuier. Die drie van hulle het sommer gou maats geword.


"Ek is verveeld," sê Anke, "kom ons speel Blikkies."

"Ek ken nie die speletjie nie," sê Nico, "kom ons speel eerder Bhathi."

"Wat van Chicago? Dit is 'n lekker speletjie," sê Liam.

"Chicago? Dit klink meer na 'n stad – nie na 'n speletjie nie." Anke rol haar oë.

Hulle sit en stry oor watter speletjie hulle moet speel. Heen en weer, heen en weer stry hulle oor watter speletjie die beste gaan wees.



“Nou goed dan!” Anke gee moed op en sê: “Ons kan seker Bhati speel as dit so lekker is. Hoe speel ’n mens dit?”

Nico staan op. “Nou goed, as ons Bhathi gaan speel, het ons blikkies en ’n bal nodig.”

“Dit klink net soos Chicago!” sê Liam.

“Jy het ook blikkies en ’n bal nodig om Blikkies te speel,” sê Anke.



“Eers moet ons in twee spanne verdeel. Die een span is aan en die ander span doen die veldwerk. Die span wat aan is, moet hardloop en probeer om hulle blikkies opmekaar in ’n hoë toring te stapel.” Nico praat verder, “Dan moet hulle na hulle bof toe hardloop.”

“Dit klink net soos Blikkies!” herhaal Anke.

“Daar is so ’n reël in Chicago ook,” herhaal Liam.

“Regtig?” vra Nico. “Dit is vreemd.”




Nico verduidelik verder. “Die span wat veldwerk doen, moet probeer om die ander span se spelers met ’n bal te gooi. Die ander spelers moet probeer wegkom en sorg dat hulle nie raakgegooi word nie. As hulle raakgegooi word, moet hulle gaan sit.”

“Dit klink net soos Blikkies!” sê Anke en lyk verward.

“Daar is so ’n reël in Chicago ook,” sê Liam.

“Regtig?” vra Nico. “Dit is vreemd.”



“Nou goed dan, die span wat veldwerk doen, moet die bal vir die span in die bof gee. Elke lid van die span het drie kanse om die bal te gooi en te probeer om die toring blikkies om te gooi,” verduidelik Nico.

“Dit klink net soos Blikkies,” sê Anke. “As die span die toring omgooi, kry hulle ’n punt en nog ’n kans om te speel.”

“Ja!” sê Nico en hy lyk verward. “Hoe weet jy dit?”


“Die speletjie is net soos Blikkies! Dit moet dieselfde speletjie wees!” lag Anke.

“Dit is ook net soos Chicago!” sê Liam. “Is dit ook so dat, as niemand van die span die toring kan omgooi nie, die span wat veldwerk doen dan ’n beurt kry om te speel?”

“Ja!” sê Nico. “Dit is net soos Bhathi!”



“Nou goed, kom ons gaan soek blikkies,” sê Anke. Hulle gaan van huis tot huis en vra die bure vir blikkies.




Toe hulle by die laaste huis in die straat kom, vra Nico, “Kan ons asseblief blikkies kry om Bhathi te speel?”

Die vrou vra hulle om te wag. Sy kom terug met ’n hele sak vol blikkies.

“Het julle geweet dat party mense die speletjie Chicago noem?” lag sy, “en ander mense noem dit Blikkies! Verbeel jou dit!”



Uiteindelik het hulle genoeg blikkies. Nico, Anke en Liam kyk na mekaar en glimlag. “Kom ons speel Bhathi-Chicago-Blikkies!” sê Liam laggend.





Lees 1

**Waar speel die storie af?**
In Soweto, gedurende die Kersvakansie.

**Wat is die drie verskillende name vir die speletjie?**
Bhathi, Blikkies, Chicago

**Hoekom was die karakters in die storie verward?**
- Omdat hulle gedink het hulle praat van verskillende speletjies, maar eintlik het hulle almal van dieselfde speletjie gepraat.
- Omdat hulle gedink het hulle praat van verskillende speletjies, maar toe is al die reëls van die speletjies dieselfde.
- Omdat hulle nie geweet het hulle gunstelingspeletjie kan dieselfde naam hê nie.



Lees 2

**Hoe kan ek aflei dat die karakters van verskillende plekke af kom?**
- Omdat hulle almal familie in Soweto besoek.
- Omdat hulle nou net maats geword het.
- Omdat hulle verskillende name vir dieselfde speletjie het.

**Wat moet die kinders bymekaarmaak voordat hulle kan speel?**
Hulle moet blikkies bymekaarmaak.

**Hoekom het die karakters aan die einde van die storie gelag?**
- Omdat hulle so lank geneem het om te besef dat hulle van dieselfde speletjie praat.
- Omdat hulle vir baie lank verward was.
- Omdat Bhathi-Chicago-Blikkies ’n lang en snaakse naam vir die speletjie is.



VERHAAL 6

# LENTEDAG



## Tema: Ons speel buite



### Agtergrondinligting

- Hierdie teks is ’n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit vind plaas in die hede.
- Hierdie verhaal sal leerders help om te verstaan dat om buite te speel ons die geleentheid gee om die natuur te verken, pret saam met maats te hê en om spesiale tradisies in ons gemeenskappe te geniet.



### Begripstrategie: Visualiseer

- Wat is dit: Om ’n geestelike prentjie te vorm van wat in die verhaal gebeur.
- Waarom ons dit gebruik: Om die verhaal meer werklik en interessant te laat voel.
- Hoe dit help: Dit help jou om te verstaan hoe die karakters en plekke lyk en maak die verhaal lewendiger.



### ’n Paar punte om met u leerders te deel

- Lente is die seisoen wat na die winter kom. Lente beteken dat die weer warmer word, blomme begin blom, insekte te voorskyn kom en diere meer aktief word. Wanneer dit lente is kan ons voel dat die dae warmer is en dinge sien soos nuwe blare aan die bome, vlinders wat vlieg en voëls wat nessies bou.
- Die weer en seisoene bepaal hoe mense buite speel. In die winter speel hulle byvoorbeeld vinnig, omdat hulle koud kry. Wanneer die weer warmer word bring hulle weer meer tyd buite deur om te stap, te speel en te ontdek.
- Die 1ste September staan in Suid-Afrika bekend as Lentedag. Een van die tradisies wat vroeër in baie woongebiede beoefen is, was om emmers water op mense wat vanaf die werk en skool af huis toe kom te gooi, en om dan, ‘Lentetyd!’ te roep. Hierdie tradisie het die einde van die winter en die begin van ’n nuwe seisoen aangedui. Dit gebeur nog steeds in sommige plekke, maar is deesdae minder algemeen.
- Soms bak boeties, sussies en maats skadelose poetse op mekaar vir pret. In hierdie verhaal is die water deel van die Lentedagtradisie en nie ’n straf nie.



## Om hierdie strategie te gebruik

| Bladsy en paragraaf | Lees | Sê |
| --- | --- | --- |
| 65,1 | Dit is reeds maande wat hulle musse en dik winterstruie dra, maar vandag skyn die son helder. Lisa trek haar trui uit.<br><br>"Dit is amper somer!" sê Lisa glimlaggend. | Ek kan my indink hoe Lisa sweet as sy in die warm son loop. |
| 71,1 | Net toe hoor Lisa haar broer giggel. Hulle draai om en sien Kobus en sy maats is sopnat! Hulle hou almal emmers vol water vas. | Ek kan die verbasing op Lisa se gesig indink wanneer sy haar boetie hoor giggel. Sy het gedink dat sy veilig was – maar sy is nie! |

Een Vrydagoggend het Petro en Lisa saam skool toe geloop. Dit is reeds maande wat hulle musse en dik winterstruie dra, maar vandag skyn die son helder. Lisa trek haar trui uit.

“Dit is amper somer!” sê Lisa glimlaggend.





Petro en Lisa het gewoonlik vinnig geloop om warm te word, maar vandag loop hulle stadig. “Kyk!” sê Petro. Sy stop om na twee helder oranje skoenlappers te kyk.

“Luister,” sê Lisa. Sy wys na twee vinke wat hulle nes in ’n groot boom bou.





“Ruik jy dit?” vra Petro. Sy haal diep asem. “Die blomme is amper hier.”

Toe hulle die oggend by die skool kom, skryf Juffrou Bets die datum op die bord.

"O! Kyk net! Dit is 1 September – dit is Lentedag!" sê sy glimlaggend.

Lisa kyk na Petro.

"O, nee!" kreun Lisa. "My broer is gek oor Lentedag. Ons sal moet huis toe hardloop sodra die klok lui sodat hy ons nie kan kry nie."



Toe die klok lui, besluit Lisa en Petro se maats om te bly en te speel.

“Kom speel saam met ons!” roep Anna terwyl sy saam met Tina na die swaaie toe hardloop.

“Kom ons speel,” sê Petro.

Lisa vergeet dat sy vroeër wou huis toe gaan en hardloop om saam met haar maats te gaan speel.



Nadat die meisies al vir ’n rukkie gespeel het, sien hulle dat Juffrou Bets haar klaskamer verlaat. “Totsiens meisies!” roep sy, “gelukkige Lentedag!”

“Agge nee!” sug Lisa. “Ek het heeltemal van Lentedag vergeet! Kom ons gaan, Petro, maar ons sal versigtig moet wees!”



Hulle begin huis toe hardloop, maar Petro word vinnig moeg.

“Ek kan nie so ver hardloop nie,” sê sy terwyl sy hard asemhaal. Lisa kyk senuweeagtig rond.

“Ons moet versigtig wees,” sê sy. Hulle stap vinnig. Hulle praat glad nie met mekaar nie. Uiteindelik sien Lisa hulle voordeur en sy gee ’n diep sug.

“Ons het dit gemaak,” sê sy.



Net toe hoor Lisa haar broer giggel. Hulle draai om en sien Kobus en sy maats is sopnat. Hulle hou almal emmers vol water vas.



Lisa lig haar arms op. “Nou goed, nou goed, julle het ons!” lag sy en vra, “Kan ons ten minste net ons skooltasse neersit?”



Toe Petro en Lisa hulle tasse neersit, hardloop Kobus en sy maats na hulle toe. Petro en Lisa lag en skree soos die seuns hulle sopnat gooi.



“Gelukkige Lentedag!” sê Kobus. Almal begin giggel.





Lees 1

**Wat het Lisa en Petro op pad skool toe gesien?**

- Hulle het oranje skoenlappers gesien.
- Hulle het gesien hoe die vinke ’n nes bou.

**Op watter dag vind die storie plaas?**

Dit vind plaas op 1 September – Lentedag!

**Hoekom het Lisa en Petro stadig skool toe gestap?**

- Sodat hulle nie te warm moes kry nie.
- Omdat dit uiteindelik lente was.
- Omdat hulle tekens van die seisoensverandering gesien het.
- Omdat hulle gestop het om na die oranje skoenlappers te kyk.
- Omdat hulle gestop het om te kyk hoe die vinke hulle nes bou.
- Omdat hulle gestop het om aan die blomme te ruik.



Lees 2

**Wat het Petro en Lisa na skool gedoen?**

Hulle het buite saam met hulle maats gespeel.

**Wat het Lisa daaraan herinner dat dit Lentedag was?**

Toe haar juffrou die datum op die bord skryf en sy sien dit is 1 September, het sy onthou.

**Hoekom was Lisa en Petro sopnat?**

- Omdat dit Lentedag was.
- Omdat dit ’n Lentedag-tradisie by sekere plekke is om emmers water op mense uit te gooi.
- Omdat Lisa en Petro by die skool gebly het en met hulle maats gespeel het, in plaas daarvan om reguit huis toe te hardloop.
- Omdat Lisa se broer, Kobus, gek is oor Lentedag.



VERHAAL 7

# MY NAAM IS BUHLEBENDALO

Tema: Ons laat ons stem hoor





## Agtergrondinligting

- Hierdie teks is ’n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit vind plaas in die hede.
- Hierdie verhaal sal die leerders help om te verstaan dat ’n naam ’n belangrike deel van ’n persoon se identiteit is en dat dit reg is om met respek jou mening te lug as iets vir jou belangrik is.



## Begripstrategie: Maak afleidings

- Wat is dit: Om dinge te raai wat die skrywer nie direk verduidelik nie, deur leidrade in die verhaal te gebruik.
- Waarom ons dit gebruik: Om dieper betekenisse en verborge boodskappe te verstaan.
- Hoe dit help: Dit help jou om gevolgtrekkings te maak terwyl jy lees, en om die storie en karakters beter te verstaan.



## ’n Paar punte om met u leerders te deel

- Name is ’n belangrike deel van elke mens se identiteit. Name is spesiaal en het dikwels betekenis. Baie gesinne kies name versigtig en met liefde en moeite uit. Baie mense voel trots op hulle name.
- Sommige mense het byname of verkorte weergawes van hulle name. ’n Kind met die naam Siphesihle kan byvoorbeeld Sihle genoem word. Sommige mense hou van verkorte name, terwyl ander weer hulle volle naam verkies. Ander mense moet probeer om jou naam korrek uit te spreek en jou die naam te noem wat jy graag genoem wil word.
- Soms maak grootmense besluite waarmee kinders nie saamstem nie. ’n Grootmens mag dink dat hulle behulpsaam is, sonder om te besef dat iets belangrik vir ’n spesifieke kind is.
- Om respekvol te wees beteken nie om stil te bly wanneer iets belangrik is nie. Jy kan steeds beleefd en respekvol wees terwyl jy vir iemand vertel hoe jy voel of wat jy nodig het.



Om hierdie strategie te gebruik


| Bladsy en paragraaf | Lees | Sê |
|---|---|---|
| 81,2 | “Ek gaan jou net Buhle noem,” sê die juffrou, “jou naam is baie lank!”<br><br>Buhlebendalo wil nie ongeskik wees nie, so sy sê niks nie. | Ek wonder hoekom het Buhlebendalo nie sy juffrou reggehelp nie? O, ek lei af dit is omdat hy bang was dat sy juffrou vir hom sou kwaad word. |
| 84,1 | Elke dag by die skool mis Buhlebendalo die klank van sy volle naam. Buhlebendalo dink daaraan om die juffrou reg te help, maar hy wil nie ongeskik wees nie. | Ek kan aflei dat Buhlebendalo altyd by die skool Buhle genoem word, maar by die huis op sy volle naam genoem word. |

Van geboorte af noem almal in Buhlebendalo se familie hom op sy volle, pragtige naam: Buhlebendalo. Hy is mal oor die klank van sy naam. Hy is mal daaroor om dit stadig te sê – lettergreep vir lettergreep. Hy het ook daarvan gehou om dit vinnig te sê. Hy was mal oor alles van sy naam!



Op sy eerste skooldag vra Buhlebendalo se juffrou al die kinders om voor in die klas te gaan staan. Toe roep die juffrou hulle een op 'n slag en wys hulle waar hulle moet sit. Op elkeen se skoolbank was 'n naamkaartjie vasgeplak.

Buhlebendalo kon nie wag om sy eie volle, pragtige naam op sy skoolbank te sien nie.




Uiteindelik roep die juffrou sy naam. Sy sê dit stadig – lettergreep vir lettergreep. Buhlebendalo gee ’n groot glimlag en steek sy hand op.

“Ek gaan jou net Buhle noem,” sê die juffrou, “jou naam is baie lank.”

Buhlebendalo wil nie ongeskik wees nie, so hy sê niks nie.



Toe hy by sy skoolbank gaan sit, sê sy naamkaartjie Buhle. Dit sê nie sy volle, pragtige naam nie. Buhlebendalo se glimlag verdwyn.



Later die dag vra Buhlebendalo se juffrou hom om ’n vraag te beantwoord.

“Buhle!” roep die juffrou.

Buhlebendalo mis sy beurt, want hy het nie besef die juffrou praat met hom nie.



Elke dag by die skool mis Buhlebendalo die klank van sy volle naam. Buhlebendalo dink daaraan om die juffrou reg te help, maar hy wil nie ongeskik wees nie.



’n Paar weke later bring Buhlebendalo sy gunsteling tekening van die skool af huis toe om vir sy ma te wys.

“O! Hoekom het jy jou naam verander?” vra sy ma.

“Wel, ek het nie ’n keuse gehad nie. My juffrou het gesê my naam is te lank en ek wou nie ongeskik wees nie,” sê Buhlebendalo.

“As jy Buhle genoem wil word, is dit reg so, maar as jy nie wil nie, moet jy dit vir jou juffrou sê. Dit is nie ongeskik nie. Jy het die reg om op jou volle, pragtige naam genoem te word.” sê sy ma. “Ek kan verstaan dat jy dalk te bang is om met jou juffrou te praat. Ek sal namens jou met haar gaan praat.”



Die volgende dag kom Buhlebendalo se ma saam met hom skool toe. Hulle is vroeg. Buhlebendalo gaan speel met sy nuwe maats terwyl sy ma met die juffrou gaan praat.



Toe die klok lui, is Buhlebendalo bang. “Wat as die juffrou nou niks van my hou nie?” dink hy bekommerd. Toe hy die klas binnestap, glimlag juffrou vir hom.

“Goeiemôre, Buhlebendalo,” sê sy.



Toe Buhlebendalo by sy skoolbank gaan sit, is sy naamkaartjie vervang. Sy nuwe naamkaartjie sê sy volle pragtige naam: Buhlebendalo.





Lees 1

**Wat het Buhlebendalo verwag om by sy skoolbank te sien?**
Hy het verwag om sy naamkaartjie te sien met sy volle pragtige naam daarop geskryf.

**Wat het Buhlebendalo se juffrou hom genoem?**
Sy het hom Buhle genoem.

**Hoekom was Buhlebendalo teleurgesteld?**
- Omdat hy gedink het sy volle pragtige naam gaan op sy skoolbank staan.
- Omdat sy juffrou sy naam verkort het.
- Omdat hy by die skool nie op sy volle pragtige naam genoem word nie.



Lees 2

**Hoekom het Buhlebendalo se juffrou hom Buhle genoem?**
Omdat sy gesê het sy naam is te lank.

**Wat het Buhlenbendalo se ma afgelei oor hoe hy voel?**
Sy het afgelei dat hy te bang is om met die juffrou te praat.

**Hoekom het Buhlebendalo se juffrou aan die einde van die storie sy naamkaartjie vervang?**
- Omdat Buhlebendalo se ma met haar gaan praat het.
- Omdat die juffrou besef het hy verkies om Buhlebendalo genoem te word, eerder as Buhle.
- Omdat die juffrou die verkeerde naam geskryf het en sy dit moes regmaak.



VERHAAL 8

# NANDI SE NUWE T-HEMP

Tema: Ons laat ons stem hoor





## Agtergrondinligting

- Hierdie teks is ’n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit vind plaas in die hede.
- Hierdie verhaal sal die leerders help om te verstaan dat mense verskillende belangstellings en voorkeure het. Dit is belangrik om te wys wie jy is eerder as om deur wat ander mense dink jy behoort te wees, beperk te voel.



## Begripstrategie: Maak afleidings

- Wat is dit: Om dinge te raai wat die skrywer nie direk verduidelik nie, deur leidrade in die verhaal te gebruik.
- Waarom ons dit gebruik: Om dieper betekenisse en verborge boodskappe te verstaan.
- Hoe dit help: Dit help jou om gevolgtrekkings te maak terwyl jy lees, en om die storie en karakters beter te verstaan.



## ’n Paar punte om met u leerders te deel

- Meisies en seuns word gereeld verskillende speelgoed, klere en kleure gegee. Sommige mense dink byvoorbeeld dat pienk vir meisies en blou vir seuns is. Verskillende mense kan verskillende idees hieroor hê.
- Soms kan mense vir kinders vertel dat hulle net van sekere dinge mag hou omdat hulle ’n seun of meisie is. Sommige mense sê byvoorbeeld dat slegs seuntjies daarvan mag hou om met karretjies te speel. Verskillende mense kan verskillende idees hieroor hê.
- In werklikheid kan kinders verskillende voorkeure hê, ongeag of hulle ’n meisie of ’n seun is. Kinders hou nie almal van dieselfde dinge nie. Sommige kinders hou byvoorbeeld van teken. Sommige kinders hou van diere, terwyl ander van dinosourusse hou. Dit beteken nie dat jy van spesifieke kleure, speelgoed of klere moet hou net omdat jy ’n meisie of ’n seun is nie.
- Soms wil twee mense verskillende dinge hê. Wanneer dit gebeur, kan hulle dalk nie albei presies kry wat hulle wil hê nie. ’n Kompromie is ’n oplossing waar elke persoon ’n bietjie toegee sodat hulle oor iets kan saamstem.



## Om hierdie strategie te gebruik


| Bladsy en paragraaf | Read | Sê |
|---|---|---|
| 98,1 | “Wat van hierdie een?” vra Ouma.<br><br>“Ouma, ek hou nie van pienk nie,” sê Nandi.<br><br>“Alle meisies hou van pienk!” sê Ouma.<br><br>“Wel, ek is ’n meisie en ek hou nie daarvan nie,” dink Nandi.<br><br>“Nou maar goed. Dan koop ons vir jou ’n gewone wit T-hemp,” sê Ouma. | Ek kan aflei dat Nandi gefrustreerd voel. Ek dink sy is gefrustreerd omdat Ouma sê sy mag ’n T-hemp kies, maar Ouma is nie tevrede met enige van die T-hemde waarvan Nandi hou nie. |
| 98, picture | | Kyk na Nandi se gesig op die prentjie. Dit help my ook om af te lei dat sy gefrustreerd voel. |

Dit is Saterdag. Nandi gaan saam met haar ouma winkels toe. “Kom ons gaan!” roep Ouma.

Nandi en haar ouma loop verby die varke wat vreet. Hulle loop verby dogtertjies wat touspring. Hulle loop verby ’n vrou wat haar wasgoed ophang.



Uiteindelik kom hulle by die hoofpad aan. Die taxi is amper daar.



Nandi kyk die hele pad by die venster uit. Sy sien 'n ou, stukkende motor. Sy sien 'n paar skape.



Toe sien sy baie kleurvolle advertensieborde. Hulle is in die dorp.





Die taxi stop. "Kom ons gaan." sê Ouma.



Eers gaan hulle bank toe. Toe gaan hulle poskantoor toe. Uiteindelik gaan hulle na die klerewinkel.

“Ek sal vir jou iets nuuts koop. Gaan kies iets, Nandi” sê Ouma.



"Ek hou van hierdie een," sê Nandi. Sy wys na 'n groen T-hemp met 'n prentjie van 'n dinosourus op die voorkant.

"Dit is vir seuns," sê Ouma.

"Ek is mal oor dinosourusse," sê Nandi.

"Jy kyk na die seunsklere!" sê Ouma.

"O! Ek is mal oor hierdie een!" sê Nandi terwyl sy kyk na 'n T-hemp met 'n prent van 'n bakkie op die voorkant. Ouma skud net haar kop.

"Hoekom nie?" vra Nandi. Ouma loop weg.



"Wat van hierdie een?" vra Ouma.

"Ouma, ek hou nie van pienk nie," sê Nandi.

"Alle meisies hou van pienk!" sê Ouma.

Wel, ek is 'n meisie en ek hou nie daarvan nie, dink Nandi.

"Nou maar goed. Dan koop ons vir jou 'n gewone wit T-hemp," sê Ouma.



Toe Nandi by die huis kom, sit sy die inkopiesak op die kombuistafel neer en gaan na haar kamer toe. Sy sit op haar bed en dink aan al die t-hemde by die klerewinkel.

Nandi se ma kom haar kamer binne. Sy hou die nuwe wit T-hemp vas.

“Is dit wat jy gekies het?” vra sy.

Nandi vertel haar ma wat by die klerewinkel gebeur het.



“Ek het ’n plan,” sê haar ma en gaan by die kamer uit. Sy kom terug met koki-penne.

“Jy kan hierdie penne gebruik om jou eie prentjie op jou nuwe T-hemp te teken!” sê sy. Nandi dink aan al die T-hemde waarvan sy by die winkel gehou het en begin teken.



Later roep Nandi se pa haar om te kom eet. Nandi trek haar nuwe T-hemp aan. Sy kyk in die spieël. Nandi hou van wat sy sien! Sy hardloop kombuis toe.



Toe Palesa Nandi se nuwe T-hemp sien, wys sy na die prentjie.

“Ek wil ’n T-hemp net soos Nandi s’n hê!” sê sy. Nandi kyk na haar ma en hul albei glimlag.





Lees 1

**Watter tipe T-hemp wil Nandi hê?**
Sy wil ’n dinosourus-hemp of ’n hemp met ’n bakkie op hê.

**Watter hemp het haar ouma vir haar gekoop?**
Ouma het vir haar ’n gewone wit T-hemp gekoop.

**Wat laat jou aflei dat Nandi ontsteld is oor haar nuwe T-hemp?**
- Sy lyk hartseer by die winkel.
- Sy los haar sak op die kombuistafel.
- Sy sit op die bed en lyk ontsteld.
- Sy vertel haar ma alles wat gebeur het.
- Sy teken op haar nuwe T-hemp om dit te laat mooi lyk, want sy hou nie van die hemp wat ouma gekies het nie.




Lees 2

**Waaroor stem Nandi en haar ouma nie saam nie?**
- Hulle stem nie saam oor die T-hemp wat Nandi moet kry nie.
- Hulle stem nie saam oor waarvan seuns en meisies hou nie.

**Wat doen Nandi se ma om haar beter te laat voel?**
- Sy luister na Nandi wat hartseer voel.
- Sy gee haar koki-penne.
- Sy sê vir haar sy kan enigiets teken wat sy wil.

**Hoekom voel Nandi gefrustreerd?**
- Omdat Ouma “nee” gesê het vir al die T-hemde wat sy gekies het.
- Omdat Ouma vir haar gesê het dat dit waarvan sy hou net vir seuns is.
- Omdat Ouma vir haar gesê het sy moet van pienk hou.
- Omdat Ouma haar nie toegelaat het om iets te kies waarvan sy regtig hou nie.





NHLRP | National Home Language Reading Programme